

Vrydag 4 Februarie

Skrifgedeelte: Genesis 3

Fokusgedeelte: Genesis 3:8, 23

Sonde skaad die band van onderlinge gemeenskap met God en mense

Jy kan jou nie voorstel hoe die lewe in die tuin van Eden vir Adam en Eva moes gewees het nie. Dit moes 'n heerlike, vervullende lewe van harmonie en vrede gewees het. 'n Lewe waar die mense met vreugde en sonder moeite hulle skeppingsopdrag uitvoer. Daar was volkome gemeenskap tussen God en sy mense en die mense onderling. Die beskrywing in Genesis 3:8 dat God in die aandwindjie in die tuin met Adam en Eva gewandel het, gee iets van hierdie volkome en heerlike harmonie weer.

Satan, as uitgeworpene uit die gemeenskap met God, wou egter hierdie harmonie in onderlinge verhoudinge kom vernietig. Hy oortuig Adam en Eva met leuens om ongehoorsaam aan God te wees en deur hulle ongehoorsaamheid bring Adam en Eva sonde in die wêreld. Sonde bring verwydering tussen God en mens, en tussen mense onderling. Sonde bring eiewilligheid wat die fokus op die eie wil van die mens plaas en so die harmonie tussen mense verwoes. Die gevolge van die sonde is dat God geen keuse het as om grense tussen Hom en die mens te stel en die mens uit die intieme binnekring van verhoudinge te stel nie. Adam en Eva moes uit die tuin. Maar sonde bring ook pyn en ellende tussen mense. Die onderlinge verhouding tussen Adam en Eva word ook geskaad.

Ons moet uiters bedag wees op ons sondige natuur wat telkens weer wil doen wat Adam en Eva gedoen het. Waak daarteen dat die verhouding tussen ons en God en tussen mense onderling skade met ons selfsug, ons eiewilligheid en liefdeloosheid aangedoen word. Bid dat die Here elke dag aan ons die genade sal verleen om onsself in Christus te kruisig, sodat ons goeie verhoudinge met God en met mense sal hê en ons nie die pyn van geskunde onderlinge gemeenskap beleef nie.

Sing: Skrifberyming 9-4:4, 5

Ds. P Venter (Piet) (Potchefstroom-Oos)